**4 DESEMBER** **SKRIFGEDEELTE: Psalm 141**

**FOKUSGEDEELTE: vers 5**

## God is ons skuilplek

In Psalm 141 bid die digter vir beskerming teen boosheid. Hy vra dat die Here hom sal beskerm teen die goddeloses en die strikke wat die goddeloses vir hom stel. Dit is opvallend dat die digter telkens van God praat as “my God”. Hy staan in ‘n diepe afhanklikheidsverhouding tot die Here. God is vir hom die skuilplek teen die boosdoeners wat sy lewe bedreig. Ons mag en moet in gebed ook pleit dat God ons van die kwaad sal verlos. Jesus Christus leer ons immers om in die Onse Vader te bid: “Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose”. Hierdie gebed kan ons met geloof bid, want ons weet dat God sterker is as die bose. Reeds in die wonders wat Jesus gedoen het, sien ons God se mag oor die bose. Die kruisdood en opstanding van Christus is egter vir ons die mees blywende teken van God se oorwinning oor die bose. Christus se oorwinning aan die kruis beteken nog nie die einde van boosheid nie. Juis daarom moet ons steeds bid vir beskerming. Die beslissende veldslag is wel aan die kruis gelewer en die oorlog is in beginsel reeds gewen. Die bose magte is aan die retireer. Tog kan die bose nog die koninkryk en kerk van God soms saboteur deur pyn en leed te veroorsaak. As gelowiges behoort ons met blywende verwagting te bid dat die Here sy oorwinning oor die bose sal volvoer, deur boosheid heeltemal te vernietig.

*Psalms: Ps 16:1*
*Ps 31:1,3*
*Sb 10-1:1-4*

*Dr Nico Vorster (Bultfontein)*